# GEHEIME VIR GESONDE VERHOUDINGS

## Deel 6 - Getrouheid

### AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Hoe belangrik is dit vir jou dat mense sal doen wat hulle sê en hulle verantwoordelikhede nakom? Hoekom voel jy so daaroor?**

---

---

---

**Sou jy jouself as 'n betroubare persoon beskryf? Verduidelik.**

---

---

---

**Watter effek het dit op verhoudings as mense onbetroubaar is? Dink jy verhoudings kan die volle potensiaal bereik? Dink jy vriendskappe kan diep raak? Verduidelik.**

---

---

---

**Is jy 'n persoon wat maklik ander mense vertrou? Hoekom of hoekom nie?**

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Hebreërs 10:23 en Psalm 117:1-2. Dink jy ons sou hoop gehad het om aan vas te hou as God nie getrou was nie? Verduidelik.**

**Matteus 23:23. Watter dinge van die wet weeg die swaarste volgens Jesus? Hoekom dink jy weeg dit meer volgens Jesus?**

**Spreuke 3:3-4; 11:6 en 28:20. Op watter manier het jy al beleef dat getrouheid guns by mense en God bring?**

**Matteus 25:14-30. Watter woorde gebruik die eienaar om die eerste twee slawe te beskryf? Watter woorde gebruik hy om die laaste slaaf te beskryf?**

**Waaroor is die slawe geoordeel in hierdie gelykenis? Hoe is dit op ons van toepassing?**

**Op watter manier gebruik jy die gawes, vermoëns, talente en geleenthede wat God tans vir jou gegee het om sy koninkryk uit te bou? Hoe getrou is jy daarmee?**

**In die preek is ses dinge genoem hoe ons getrouheid in ons lewe en verhoudings kan saai: *1) Hou jou beloftes; 2) Eer jou huwelik; 3) Gebruik jou talente en geleenthede; 4) Staan by jou vriende; 5) Gee jou beste werk; en 6) Verbind jou aan 'n gemeente*. Watter van hierdie kom jy na en aan watter kan jy werk? Hoekom dink jy help hierdie jou om aan getrouheid te oefen en te bou?**

**Wie is die mense in jou lewe op wie jy altyd kan reken? Stuur vir hulle 'n boodskap of maak met hulle 'n afspraak om dankie te sê. Wie is die mense wat nodig het om te hoor dat hulle altyd op jou kan reken – kontak hulle en bevestig dit.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**